



# Geloof eis besliste dade

**Skrifgedeelte: Esra 9:10 – 10:2**

**Fokusgedeelte: Esra 10:1**

In Galasiërs lees ons: "Dra mekaar se laste ..." (6:2). Dit is wat Esra gedoen het. Sy mense het hom baie na aan die hart gelê. Hy het geweet dat sy mense God se gebooe verlaat het (9:10). Hy neem die leiding om sy mense weer by 'n ware, persoonlike verbintenis met God te bring.

Soms kan ons nie self ander van hulle sonde oortuig nie. Esra het op sy knieë gegaan en die hulp van God ingeroep om sy mense daartoe te bring om die verkeerde in hulle optrede te erken en daarmee te breek. Hy het geweet dit sou nie maklik wees nie. Hoe stuur 'n mens 'n vrou met wie jy getrou het, weg? Hulle moes erken en bely dat hulle God nie in dié verhoudinge geken het nie. Hulle het teen sy wil gehandel.

Ons kan nie ons verantwoordelikheid vir mekaar ontken nie. Ek kan God aanroep en

bely dat Jesus Christus besliste keuses en besliste dade vereis. Dit is die bewys dat my omkeer na God eerlik en opreg is.

In die gebed weet ons dat ons lemand het wat ons saak behartig en ons laste dra. Jesus het vir ons gebid en in ons plek gaan staan. Deur sy Gees lei Hy ons om Hom in waarheid te dien.

As ons tog net kan beseef dat ons met ons gebede so 'n ingrypende verskil in ons land kan maak. Dit is deur die gebed dat God ons omhels en na 'n bedroefde hart en gemoed luister, en dit vir ons duidelik maak dat daar hoop is. Wie God met die daad eer, is 'n mens met hoop!



Publikasie  
Publication



Nr./No.: H16